

# 2022 ongeouditeerde finansiële resultate

**Wesensverdienste +513% tot R3.987 miljard** | **Opbrengs op ekwiteit 27%** | **Tussentydse dividend per aandeel 1 200 sent**

CAPITEC BANK HOLDINGS LIMITED

## vir die 6 maande geëindig 31 Augustus 2021

### Sleutel prestasie-aanwysers

| | | | 6 maande geëindig Augustus 2021 | 2020 | Augustus 2021/2020 % | Jaar geëindig Februarie 2021 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Winsgewendheid** | | | | | | |
| Rente-inkomste op lenings | | R'm | 6 572 | 6 712 | (2) | 13 401 |
| Rente-inkomste op beleggings | | R'm | 1 908 | 1 692 | 13 | 3 143 |
| Totale rente-inkomste | | R'm | 8 480 | 8 404 | 1 | 16 544 |
| Netto leningsfooi-inkomste | | R'm | 468 | 468 | – | 898 |
| Netto versekeringsinkomste | | R'm | 571 | 498 | 15 | 965 |
| Totale lenings-, beleggings- en versekeringsinkomste minus leningsfooikoste | | R'm | 9 519 | 9 370 | 2 | 18 407 |
| Rente betaal | | R'm | (2 317) | (2 652) | (13) | (4 985) |
| Netto lenings-, beleggings- en versekeringsinkomste | | R'm | 7 202 | 6 718 | 7 | 13 422 |
| Netto transaksie-inkomste | | R'm | 5 150 | 3 870 | 33 | 8 708 |
| Netto buitelandse valuta-inkomste | | R'm | 73 | 47 | 55 | 111 |
| Ander inkomste | | R'm | 24 | 7 | >100 | 114 |
| Begrafnisplaninkomste | | R'm | 366 | 350 | 5 | 650 |
| Bedryfsinkomste | | R'm | 12 815 | 10 992 | 17 | 23 005 |
| Kredietafskrywingskoste | | R'm | (2 068) | (6 086) | (66) | (7 825) |
| Netto inkomste | | R'm | 10 747 | 4 906 | >100 | 15 180 |
| Bedryfsuitgawes[1] | | R'm | (5 716) | (4 319) | 32 | (9 463) |
| Deel van netto wins/(verlies) van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings | | R'm | 11 | (20) | | (7) |
| Waardedaling van beleggings | | R'm | – | (29) | | (122) |
| Bedryfsinkomste voor belasting | | R'm | 5 042 | 538 | >100 | 5 588 |
| Belastinguitgawe | | R'm | (1 124) | 86 | | (1 130) |
| Wins na belasting vir die periode | | R'm | 3 918 | 624 | >100 | 4 458 |
| Voorkeurdividend | | R'm | (2) | (2) | – | (4) |
| Diskonto op terugkoop van voorkeuraandele | | R'm | – | (1) | | (2) |
| **Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers** | | | | | | |
| Basiese verdienste | | R'm | 3 916 | 621 | 531 | 4 452 |
| Wesensverdienste | | R'm | 3 987 | 650 | 513 | 4 586 |
| Netto transaksie- en begrafnisplaninkomste tot netto inkomste | | % | 51 | 86 | | 62 |
| Netto transaksie- en begrafnisplaninkomste tot bedryfsuitgawes[1] | | % | 97 | 98 | | 99 |
| Koste-inkomste-verhouding[1] | | % | 45 | 39 | | 41 |
| Opbrengs op gewone aandeelhouersekwiteit | | % | 27 | 5 | | 17 |
| **Verdienste per aandeel** | | | | | | |
| Toeskryfbare verdienste | | sent | 3 387 | 537 | 531 | 3 850 |
| Wesensverdienste | | sent | 3 447 | 562 | 513 | 3 966 |
| Verwaterde toeskryfbare verdienste | | sent | 3 383 | 537 | 530 | 3 848 |
| Verwaterde wesensverdienste | | sent | 3 444 | 562 | 513 | 3 963 |
| **Dividende per aandeel** | | | | | | |
| Tussentydse | | sent | 1 200 | – | | – |
| Finale | | sent | | | | 1 600 |
| Totale | | sent | | | | 1 600 |
| Dividenddekking | | keer | 2.9 | | | 2.5 |
| **Bates** | | | | | | |
| Netto lenings en voorskotte | | R'm | 59 486 | 55 517 | 7 | 57 189 |
| Kontant en finansiële beleggings[2] | | R'm | 93 165 | 74 545 | 25 | 84 625 |
| Ander | | R'm | 14 096 | 14 458 | (3) | 14 693 |
| Totale bates | | R'm | 166 747 | 144 520 | 15 | 156 507 |
| **Laste** | | | | | | |
| Deposito's en groothandelbefondsing | | R'm | 129 191 | 113 049 | 14 | 120 908 |
| Ander | | R'm | 5 600 | 5 377 | 4 | 5 684 |
| Totale laste | | R'm | 134 791 | 118 426 | 14 | 126 592 |
| **Ekwiteit** | | | | | | |
| Aandeelhouersfondse | | R'm | 31 956 | 26 094 | 22 | 29 915 |
| Kapitaaltoereikendheidsverhouding | | % | 37 | 30 | | 37 |
| Netto batewaarde per gewone aandeel | | sent | 27 637 | 22 511 | 23 | 25 872 |
| Aandeleprys | | sent | 189 770 | 83 500 | >100 | 133 875 |
| Markkapitalisasie | | R'm | 219 425 | 96 549 | >100 | 154 796 |
| Aantal uitgereikte aandele | | '000 | 115 627 | 115 627 | – | 115 627 |
| **Aandeelopsies** | | | | | | |
| Aantal uitstaande | | '000 | 554 | 496 | 12 | 552 |
| Aantal uitstaande tot uitgereikte aandele | | % | 0.5 | 0.4 | | 0.5 |
| Gemiddelde uitoefeningsprys | | sent | 101 424 | 83 368 | 22 | 91 395 |
| Gemiddelde tyd tot vervaldag | | maande | 33 | 28 | | 30 |
| **Bedrywighede** | | | | | | |
| Takke | | | 852 | 863 | (1) | 857 |
| Werknemers | | | 14 789 | 14 738 | | 14 672 |
| Aktiewe kliënte | | '000 | 16 811 | 14 681 | 15 | 15 829 |
| OTMs en kontanthersirkuleerders | | | | | | |
| Eie | | | 2 823 | 2 379 | 19 | 2 660 |
| Vennootskap | | | 4 264 | 3 378 | 26 | 4 065 |
| Totale | | | 7 087 | 5 757 | 23 | 6 725 |
| Kapitaalbesteding | | R'm | 469 | 494 | (5) | 837 |
| **Kredietverkope** | | | | | | |
| Waarde van kredietkaartuitbetalings/-onttrekkings | | R'm | 5 460 | 4 701 | 16 | 10 039 |
| Waarde van toegangsfasiliteituitbetalings/-onttrekkings | | R'm | 6 235 | 1 479 | >100 | 6 398 |
| Waarde van termynlenings toegestaan (netto van leningskonsolidasies) | | R'm | 8 437 | 6 303 | 34 | 14 262 |
| Waarde van kredietfasiliteituitbetalings/-onttrekkings | | R'm | – | 178 | | 206 |
| Waarde van verbandlenings toegestaan | | R'm | 611 | 458 | 33 | 1 553 |
| Waarde van besigheidslenings toegestaan | | R'm | 531 | 134 | >100 | 674 |
| Waarde van oortrekkings toegestaan/uitbetaal[3] | | R'm | 22 146 | 20 722 | 7 | 45 120 |
| Waarde van totale lenings toegestaan | | R'm | 43 420 | 33 975 | 28 | 78 252 |
| **Kredietboek** | | | | | | |
| Bruto lenings en voorskotte | | R'm | 77 681 | 73 853 | 5 | 75 026 |
| Op-datum | Fase 1 | R'm | 49 478 | 46 288 | 7 | 47 696 |
| Op-datum met beduidende toename in kredietrisiko (SICR) | Fase 2 | R'm | 6 426 | 2 036 | >100 | 4 349 |
| Vooruitskouing- SICR[4] | Fase 2 | R'm | 4 566 | 2 662 | 72 | 4 564 |
| **Totale op-datum** | | R'm | 60 470 | 50 986 | 19 | 56 609 |
| Agterstallig | Fase 2 | R'm | 1 207 | 701 | 72 | 1 034 |
| Agterstallig | Fase 3 | R'm | 1 536 | 2 057 | (25) | 1 904 |
| **Totale agterstallig** | | R'm | 2 743 | 2 758 | (1) | 2 938 |
| **Aansoek om skuldhersiening binne 6 maande** | Fase 3 | R'm | 155 | 74 | >100 | 137 |
| COVID-19-herskedulerings | Fase 2 | R'm | 798 | 5 387 | (85) | 1 267 |
| COVID-19-herskedulerings | Fase 3 | R'm | 35 | 485 | (93) | 61 |
| Op-datum herskeduleer vanaf op-datum (nog nie gerehabiliteer nie)[5] | Fase 2 | R'm | 148 | 216 | (31) | 172 |
| Op-datum herskeduleer vanaf op-datum (nog nie gerehabiliteer nie)[5] | Fase 3 | R'm | 1 503 | 2 880 | (48) | 2 105 |
| Op-datum herskeduleer vanaf agterstallig (nog nie gerehabiliteer nie)[5] | Fase 2 | R'm | 83 | 86 | (3) | 92 |
| Op-datum herskeduleer vanaf agterstallig (nog nie gerehabiliteer nie)[5] | Fase 3 | R'm | 1 827 | 2 359 | (23) | 2 403 |
| **Totale op-datum herskeduleer (nog nie gerehabiliteer nie)[5]** | | R'm | 4 394 | 11 413 | (62) | 6 100 |
| **Meer as 3 maande agterstallig en regstatus** | Fase 3 | R'm | 9 919 | 8 622 | 15 | 9 242 |
| Totale voorsiening vir kredietafskrywings | | R'm | (18 195) | (18 336) | (1) | (17 837) |
| Netto lenings en voorskotte | | R'm | 59 486 | 55 517 | 7 | 57 189 |
| Dekkingsverhouding van totale voorsiening vir kredietafskrywings na fase 3 en fase 2 (SICR uitgesluit) | | % | 106 | 80 | | 97 |
| Bruto kredietafskrywingskoste op lenings en voorskotte | | R'm | 2 531 | 6 561 | (61) | 8 757 |
| Slegte skuld verhaal | | R'm | 502 | 475 | 6 | 932 |
| Netto kredietafskrywingskoste op lenings en voorskotte[6] | | R'm | 2 029 | 6 086 | (67) | 7 825 |
| Netto kredietafskrywingskoste tot gemiddelde bruto lenings en voorskotte (kredietverliesverhouding) | | % | 2.7 | 8.1 | | 10.4 |
| Totale lenings- en versekeringsinkomste (beleggingsinkomste uitgesluit)[7] | | R'm | 7 624 | 7 706 | (1) | 15 335 |
| Netto kredietafskrywingskoste op lenings en voorskotte tot totale lenings- en versekeringsinkomste (beleggingsinkomste uitgesluit)[7] | | % | 26.6 | 79.0 | | 51.0 |
| **Deposito's en groothandelbefondsing** | | | | | | |
| Groothandelbefondsing | | R'm | 1 340 | 2 683 | (50) | 2 376 |
| Lopende spaarrekeninge | | R'm | 83 378 | 70 094 | 19 | 78 113 |
| Vastetermyn-spaarrekeninge | | R'm | 42 968 | 39 326 | 9 | 39 176 |
| Buitelandse valutadeposito's | | R'm | 1 505 | 946 | 59 | 1 243 |

*(1) Bedryfsuitgawes vir die 6 maande geëindig Augustus 2020 word heraangegee deur die waardedaling van beleggings in 'n aparte lyn weer te gee.*
*(2) Kontant, kontantekwivalente, geldmarkfondse, termyndeposito's en ander finansiële beleggings.*
*(3) Die waarde van oortrekkings toegestaan/uitbetaal word bepaal bruto van enige terugbetalings.*
*(4) Bestaan uit lenings waar die vooruitskouingsinligting dui op 'n SICR-aanwyser. Die vergelykende syfers is bygewerk om aan te pas by hierdie meer gedetailleerde openbaarmaking van SICR in 2 kategorieë.*
*(5) Nog nie gerehabiliteer nie – Kliënte word as gerehabiliteer beskou sodra kontraktuele betalings vir 6 agtereenvolgende maande gedoen is. Wanneer gerehabiliteer, word die lening geklassifiseer as op-datum.*
*(6) Hierdie kredietafskrywingskoste is net van toepassing op lenings en voorskotte. Die inkomstestaat bedrag vir die huidige periode sluit R39 miljoen ten opsigte van ander finansiële bates in.*
*(7) Rente ontvang op lenings, aanvangsfooie, maandelikse diensfooie en netto versekeringsinkomste.*

Hierdie verkorte aankondiging is die verantwoordelikheid van die direkteure. Hierdie verkorte aankondiging is 'n uittreksel uit, en slegs 'n opsomming van, die ongeouditeerde inligting vervat in die SENS-aankondiging soos gepubliseer op die Capitec webwerf. Beleggingsbesluite moet gebaseer word op 'n oorsig van die volledige SENS-aankondiging. Elektroniese afskrifte van die volledige aankondiging kan teen geen koste aangevra en verkry word by die maatskappy by InvestorRelations@capitecbank.co.za sowel as by sy borg PSG Capital. Navrae: Enquiries@capitecbank.co.za

Weens die ongewone omstandighede gedurende die afgelope 18 maande verwys die kommentaar vir die periode geëindig Augustus 2021 na die vergelykbare periode geëindig Augustus 2020, sowel as na die 6-maande periode geëindig Februarie 2021.

Die impak van die COVID-19-pandemie op die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die afgelope 18 maande was uitdagend, maar het ook geleenthede geskep om ons kliënte se ervaring met nuwe digitale oplossings te verbeter. Ons digitale aanbod het uitgebrei en ons volgehoue verbintenis tot persoonlike diens is bewys deur ons taknetwerk en inbelsentrums.

Ons resultate weerspieël die sukses van ons digitaliseringsreis. Onlangse ontwikkelinge sluit die vermoë in vir enige voornemende kliënt om ons banktoepassing vir kleinhandelbankdienste af te laai, hul gesig en identiteitsdokument te skandeer en 'n Global One rekening intyds te open, sowel as die opsie om hul kaart binne 3 werksdae te laat aflewer. Virtuele Global One kaarte sonder transaksiefooie, wat ontwerp is vir veiliger aanlyninkopies, kan nou via ons banktoepassing geskep word. Die hoeveelheid transaksies met die Scan to pay funksie in alle vooraanstaande QR-kodes groei steeds. Verbeteringe is ook aangebring aan internetbankdienste vir ons Besigheidsbankkliënte. Die sukses van ons innovasies het daartoe gelei dat Capitec die Internet Banking en Mobile Banking kategorieë van die SITEisfaction® 2021 opname gewen het, en ons is as Suid-Afrika se beste digitale bank vir 2021 aangewys. Ons is ook onlangs deur Suid-Afrika se jeug aangewys as die Coolest Bank in die 2021 Sunday Times Generation Next Awards.

Die uitdagings wat deur die COVID-19-pandemie en die onlangse burgerlike onrus in Suid-Afrika geskep is, is met veerkragtigheid en vasberadenheid deur ons takpersoneel die hoof gebied. Ons innoveerders het behendig gereageer, en ons is ongelooflik trots op die volgehoue bydrae en toewyding van al ons werknemers. Ons bedank elke werknemer vir die rol wat hulle speel in die verwesenliking van ons visie om die Suid-Afrikaanse kleinhandel- en besigheidsbank van keuse te wees.

Die bank het sy vermoë bewys om vinnig aan te pas by die heersende omstandighede. Ná die burgerlike onrus wat gelei het tot die tydelike onbeskikbaarheid van sommige takke in KwaZulu-Natal en Gauteng, is die dienste wat ons inbelsentrums bied, versterk deur die veelsydige werknemers van die betrokke takke. Die kapasiteit van ons aanlynleningspan is versterk en kliënte kan nou telefonies aansoek doen om kredietkaarte en toegangsfasiliteite.

Die kliëntgesentreerde visie van die bank bly onaangeraak deur die voortslepende onseker wêreldwye en plaaslike toestande, en ons bedank ons kliënte vir hul volgehoue vertroue in Capitec as hul bank van keuse.

#### Wesensverdienste

Wesensverdienste het tot R3.987 miljard toegeneem vir die 6 maande geëindig Augustus 2021 van R650 miljoen vir die vergelykbare tydperk (Februarie 2021*: R3.936 miljard). Gedurende die afgelope 18 maande is die drywers van die groep se resultate anders beïnvloed deur sosio-ekonomiese toestande gedurende elke 6-maandetydperk.

Wesensverdienste vir die eerste helfte van die 2021 finansiële jaar is gedryf deur die noodsaaklikheid om die uitdagings van die COVID-19-pandemie en die harde inperkings in Suid-Afrika die hoof te bied. Die tydperk is gekenmerk deur die hulp wat aan kliënte gebied is wat deur die sluiting van sekere sektore van die ekonomie geraak is, 'n verandering in die handelsgedrag van kliënte, die verskerping van kriteria vir kredietverlening en 'n fokus op kostebekamping.

Die fokus gedurende die tweede helfte van die 2021 finansiële jaar was om te verseker dat kliënte en die bank voordeel trek uit die geleenthede vir innovasie wat deur die inperkings geskep is. Transaksievolumes het herstel en namate inperkings verslap het, is uitleenkriteria proaktief bestuur op grond van die sosio-ekonomiese klimaat. Ons het ons doelwit om wesensverdienste soortgelyk aan die 6 maande geëindig Februarie 2020 te bereik, met 18% oorskry.

Die resultate vir die 6-maandetydperk geëindig Augustus 2021 weerspieël die volgehoue impak van die 2020-inperkings, die derde golf van die pandemie en die status van die inentingsveldtog gedurende die tydperk. Daar was 'n verskuiwing in kliëntegedrag na digitale en punt-van-verkoop (POS) transaksies en 'n geleidelike terugkeer na voor-pandemie uitleenkriteria. Wesensverdienste het gestabiliseer op die vlak wat gedurende die 6 maande geëindig Februarie 2021 gesien is. Die samestelling van die resultate was egter aansienlik anders as vir die vergelykbare 6 maande geëindig Augustus 2020.

Gedurende die afgelope 18 maande was die groei in die aantal aktiewe kliënte konsekwent en het dit bygedra tot die herstel in wesensverdienste ná Augustus 2020. Aan die einde van Augustus 2021 het ons aktiewe kliëntebasis 16.8 miljoen beloop (Augustus 2020: 14.7 miljoen; Februarie 2021: 15.8 miljoen).

#### Kredietinkomste, kredietafskrywings en leningsboek

**Rente-inkomste op lenings**

Rente-inkomste op lenings het met 2% tot R6.6 miljard gedaal (Augustus 2020: R6.7 miljard; Februarie 2021*: R6.7 miljard).

**Kleinhandelbankdienste**

Rente-inkomste op lenings vir die tydperk geëindig Augustus 2021 het met 3% tot R6.1 miljard gedaal (Augustus 2020: R6.3 miljard; Februarie 2021*: R6.3 miljard). Die afname kan toegeskryf word aan verskeie faktore.

***Verlaging van die repokoers***

Leningskoerse is beïnvloed deur die verlaging van die repokoers deur die loop van 2020. Die Kleinhandelbank se leningsbesigheid is onderhewig aan die maksimum rentekoers op ongesekureerde lenings soos voorgeskryf deur die Nasionale Kredietreguleerder. Die inkrementele verlagings in die repokoers het gelei tot verlagings in die maksimum voorgeskrewe rentekoers wat deurgevloei het na ons risikogebaseerde rentekoerse op nuwe lenings en uitbetalings. Die repokoers het gedaal van 6.25% per jaar in Maart 2020 tot 3.5% per jaar aan die einde van Julie 2020.

***Leningsverkope en uitbetalings***

Leningsverkope en uitbetalings vir die 2021 finansiële jaar het met 25% gedaal vergeleke met die vorige finansiële jaar weens die impak van die COVID-19-pandemie. Hierdie afname het 'n invloed gehad op die annuïteitsinkomste wat gedurende die huidige tydperk uit die leningsboek verdien is. Die verbeterde leningsverkope gedurende die 6 maande geëindig Augustus 2021 het hierdie impak gedeeltelik teengewerk.

Aan die begin van die COVID-19-pandemie is die verhoogde kredietrisiko aangespreek deur aansienlike beperkings op kredietverlening aan spesifieke nywerhede en kleiner werkgewers toe te pas. Weldeurdagte verslapping van kredietverleningskriteria terug na voor-COVID-19-vlakke word toegepas. Ons monitor nywerhede soos toerisme en gasvryheid wat steeds deur die pandemie geraak word, asook dié wat deur die burgerlike onrus gedurende Julie 2021 geaffekteer is.

Totale leningsverkope en uitbetalings het met 68% tot R19.7 miljard toegeneem (Augustus 2020: R11.7 miljard; Februarie 2021*: R17.6 miljard). Die toename was hoofsaaklik te wyte aan die proaktiewe bestuur van kriteria vir kredietverlening tydens die pandemie. Die kriteria is voortdurend aangepas op grond van die verwagte impak van die pandemie op industrie-, werkgewer- en kliënte-inkomstegroepe.

Die vinnige sukses van ons toegangsfasiliteitproduk sedert dit in Mei 2020 bekendgestel is, het die verkoopsmengsel verander. Termynleningsverkope is beïnvloed deur kliënte se voorkeur vir die toegangsfasiliteit wat teen aansienlik laer rentekoerse toegestaan word as 'n termynlening. Die verandering in die samestelling van leningsverkope en uitbetalings word in die onderstaande tabel geïllustreer.

| % | 6 maande geëindig Augustus 2021 | Februarie 2021 | Augustus 2020 |
|---|---|---|---|
| Termynlenings | 41 | 43 | 47 |
| Toegangsfasiliteite | 32 | 28 | 13 |
| Kredietkaarte | 27 | 29 | 39 |
| Kredietfasiliteite | – | – | 1 |
| | 100 | 100 | 100 |

Termynleningsverkope het tot R8.2 miljard gegroei (Augustus 2020: R5.5 miljard; Februarie 2021*: R7.5 miljard). Uitbetalings vir toegangsfasiliteite het R6.2 miljard beloop (Augustus 2020: R1.5 miljard; Februarie 2021*: R4.9 miljard). Kredietkaartuitbetalings, wat ook deur die toegangsfasiliteit geraak word, het tot R5.3 miljard gegroei (Augustus 2020: R4.5 miljard; Februarie 2021*: R5.1 miljard).

Ons brei ons doelleningsportefeulje uit deur voortdurend nuwe vennootskappe te beding. Kliënte kan aansoek doen om finansiering vir huisverbeterings by CTM, voertuigfinansiering by WeBuyCars en MotoData, mediese behandeling by Mediclinic en onderrig by Stadio. Doellenings word toegestaan teen 'n beter rentekoers as die rentekoerse wat op termynlenings van toepassing is, met sommige rentekoerse so laag as die prima uitleenkoers.

Leningskliënte beloop 1.1 miljoen (Augustus 2020: 1.0 miljoen; Februarie 2021: 1.1 miljoen).

**Kredietafskrywings**

Die groep se netto kredietafskrywings op lenings en voorskotte het met 67% tot R2.0 miljard gedaal (Augustus 2020: R6.1 miljard; Februarie 2021*: R1.7 miljard), aangesien die volle impak van die COVID-19-pandemie in die eerste helfte van die 2021 finansiële jaar in ag geneem is. Leningsboekprestasie het nie aangedui dat addisionele afskrywings nodig was nie.

**Kleinhandelbankdienste**

Die bruto kredietafskrywingskoste het R2.4 miljard beloop (Augustus 2020: R6.3 miljard; Februarie 2021*: R2.0 miljard).

Die onderstaande tabel toon die verandering in afskrywings, beweging in voorsiening vir kredietafskrywings en verhaalde slegte skuld op lenings en voorskotte aan.

| R'm | 6 maande geëindig Augustus 2021 | Februarie 2021 | Augustus 2020 |
|---|---|---|---|
| Slegte skuld afgeskryf | 2 958 | 3 427 | 2 884 |
| Beweging in voorsiening vir kredietafskrywings | (525) | (1 434) | 3 412 |
| Bruto kredietafskrywingskoste | 2 433 | 1 993 | 6 296 |
| Slegte skuld verhaal | (496) | (454) | (475) |
| **Netto kredietafskrywingskoste** | 1 937 | 1 539 | 5 821 |

Gedurende die 6 maande geëindig Augustus 2020, is COVID-19-verwante herskedulerings (insluitend betalingsvakansies) op saldo's van R7.5 miljard toegestaan. Hoër verwagte kredietverlies (ECL) -voorsienings word gehou op op-datum lenings wat herskeduleer is as op op-datum lenings in fase 1 en lenings in fase 2 wat aansienlike toenames in kredietrisiko (SICR) toon. Dit het bygedra tot die hoë bruto kredietafskrywingskoste vir die tydperk. Goeie betalingsgedrag op die COVID-19-verwante herskedulerings het bygedra tot die afname in die bruto kredietafskrywingskoste vir die laaste 6 maande van die 2021 finansiële jaar.

Die bruto kredietafskrywingskoste vir die 6 maande geëindig Augustus 2021 weerspieël die toename in leningsverkope en uitbetalings, asook veranderinge in die samestelling van die leningsboek. Kredietuitbetalings het met R8.0 miljard gegroei in vergelyking met die 6 maande geëindig Augustus 2020 en met R2.1 miljard in vergelyking met Februarie 2021*. Dit het die afskrywingskoste verhoog. Die 12-maande ECL op nuwe krediet word gemiddeld teen tussen 5% en 7% voorsien in die maand waarin dit ontstaan. Die samestelling van die leningsboek het 'n positiewe impak op die kredietafskrywingskoste gehad, aangesien die boek verskuif het van fase 3 na fases 1 en 2, soos aangetoon in die onderstaande tabel.

| R'm | Aan die einde van Augustus 2021 | Februarie 2021 | Augustus 2020 |
|---|---|---|---|
| Fase 1 | 40 090 | 38 711 | 37 257 |
| Fase 2 | 11 811 | 10 184 | 10 269 |
| Fase 3 | 14 194 | 15 091 | 15 871 |
| **Totale bruto leningsboek** | 66 095 | 63 986 | 63 397 |

Aan die einde van Augustus 2021, het die voorsieningspersentasie op die fase 1 leningsboek 12% beloop, op die fase 2 boek 26% en op die fase 3 boek 69% (Augustus 2020: onderskeidelik 9%, 30% en 72%). Die agterstallige saldo's van tot 3 maande sluit 'n hoër persentasie van balanse in wat slegs 1 maand agterstallig is as wat voorheen die geval was. Die wanbetalingsboek het gegroei namate die aantal kliënte wat skuldhersiening ondergaan het toegeneem het. Kliënte in skuldhersiening se kredietafskrywing is teen 'n laer persentasie as ander kliënte in gebreke omdat verhalings in hierdie kategorie hoër is, en daarom het die voorsieningspersentasie afgeneem vergeleke met die 6 maande geëindig Augustus 2020.

Die impak van vooruitskouingsinligting word in ag geneem by die bepaling van ECLs. Ons vooruitskouingsiening van die Suid-Afrikaanse ekonomie het gelei tot 'n kredietafskrywingskoste van R4.2 miljard in die tydperk geëindig Augustus 2020. Ons beoordeling was gebaseer op die impak van die inperkings op die verskillende sektore van die ekonomie.

Ons siening aan die einde van Februarie 2021 was gebaseer op onafhanklike ekonomiese data en die oorblywende onsekerheid rondom die tydsberekening van toekomstige wanbetalings wat verband hou met die impak van die pandemie op die ekonomie. Dit het gelei tot die terugskrywing van R1.7 miljard van die vooruitskouingsafskrywingskoste. Die kredietafskrywingskoste vir die volle 2021 finansiële jaar het R2.5 miljard ingesluit wat verband hou met ons vooruitskouingsiening van die ekonomie.

Aan die einde van Augustus 2021, hoewel Suid-Afrika die derde golf van COVID-19-infeksies verby is en die uitrol van inentings versnel het, is die sosio-ekonomiese klimaat steeds onseker. Ons evalueer voortdurend die impak van makro-ekonomiese vooruitskouingsinligting op ECLs. Die werkloosheidsyfer is een van ons belangrikste oorwegings omdat die Kleinhandelbank uitsluitlik aan individue leen. Die Kwartaallikse Arbeidsmagopname vir die tweede kwartaal van 2021, wat deur Statistiek Suid Afrika bekend gemaak is, het getoon dat werkloosheid op 'n rekordhoogtepunt van 34.4% is (Eerste kwartaal 2021: 32.6%). Dit, tesame met die vooruitsig vir ander makro-ekonomiese aanwysers, het ons gedwing om 'n konserwatiewe benadering tot ECLs gedurende die tydperk te handhaaf. Gevolglik, het die ECL-vooruitskouingsvoorsiening op R3.2 miljard gebly, soos aan die einde van Februarie 2021 gerapporteer is.

**Leningsboek**

Die groep se bruto lenings en voorskotte het met 5% tot R77.7 miljard gegroei (Augustus 2020: R73.9 miljard; Februarie 2021: R75.0 miljard). ECL-voorsienings beloop R18.2 miljard (Augustus 2021: R18.3 miljard; Februarie 2021: R17.8 miljard). Die Besigheidsbank se bruto leningsboek het met 11% tot R11.6 miljard gegroei en ECL-voorsienings het tot R711 miljoen toegeneem (Augustus 2020: R570 miljoen; Februarie 2021: R653 miljoen).

**Kleinhandelbankdienste**

Die bruto leningsboek het met 4% tot R66.1 miljard gegroei (Augustus 2020: R63.4 miljard; Februarie 2021: R64.0 miljard) as gevolg van die geleidelike toename in leningsverkope en uitbetalings omdat kredietkriteria verslap is.

Die op-datum bruto lenings- en voorskotboek (uitgesluit saldo's wat tekens van SICR toon) verteenwoordig 61% van die totale bruto kleinhandelleningsboek en het tot R40.0 miljard toegeneem (Augustus 2020: R37.3 miljard; Februarie 2021: R38.7 miljard). Die dekkingsverhouding is tans 11.8% (Augustus 2020: 8.9%; Februarie 2021: 9.4%). Die hoër dekkingsverhouding is as gevolg van die groter deel van gerehabiliteerde herskeduleringslenings wat in die boek ingesluit is weens die rehabilitasie van COVID-19-verwante herskedulerings. Die ECL-voorsiening op hierdie lenings is hoër as op 'n lening wat nie herskeduleer is nie.

Op-datum lenings met SICR (insluitend kliënte wat minder as 6 maande gelede aansoek gedoen het om skuldhersiening) het met R4.2 miljard tot R6.1 miljard gegroei (Augustus 2020: R1.9 miljard; Februarie 2021: R4.2 miljard). Die toename het ontstaan omdat leningsaldo's uit die COVID-19-verwante kategorieë beweeg het na op-datum.

Al die COVID-19-herskedulerings het na ander fases van die boek oorgegaan (Augustus 2020: R5.5 miljard; Februarie 2021: R416 miljoen). Van die leningsaldo's van R7.5 miljard wat herskeduleer is, is 59% gerehabiliteer en op-datum of vereffen, 11% is weer herskeduleer en het nog nie 6 agtereenvolgende betalings gemaak nie, 15% was agterstallig en 15% was óf oorhandig, in skuldhersiening of aan die einde van Augustus 2021 afgeskryf.

Laer risiko kliënte verteenwoordig 'n groter gedeelte van die herskeduleer vanaf agterstallig (nog nie gerehabiliteer) leningskategorie weens 'n toenemende hoeveelheid kliënte wat beweeg na skuldhersiening. Gevolglik, is die ECL-voorsieningsdekkings verhouding op hierdie leningskategorie laer as die verhouding op die herskeduleer vanaf op-datum (nog nie gerehabiliteer) kategorie.

Saldo's vir meer as 3 maande agterstallig (insluitend skuldhersiening en oorhandigde lenings) beloop R9.3 miljard (Augustus 2020: R8.1 miljard; Februarie 2021: R8.7 miljard). Die dekkingsverhouding op hierdie lenings het tot 80.6% gedaal van 88.9% aan die einde van Augustus 2020 (Februarie 2021: 82.0%) namate die aantal kliënte in skuldhersiening wat in hierdie kategorie ingesluit is, steeds toegeneem het as 'n deel van die totaal.

***Kleinhandelleningsboek volgens fase***

| R'm | Fase 1: Op-datum | Fase 2: Op-datum lenings met SICR en aansoek om skuldhersiening >6 maande | Fase 2: Vooruitskouing SICR[1] | Fase 2: Tot 1 maand agterstallig | Fase 2: COVID-19 Herskedulerings[2] | Fase 3: COVID-19 Herskedulerings[2] | Fase 3: 2 en 3 maande agterstallig | Fase 3: Herskedulering vanaf op-datum (nog nie gerehabiliteer nie) | Fase 3: Herskedulering vanaf agterstallig (nog nie gerehabiliteer nie) | Fase 3: Meer as 3 maande agterstallig, regstatus, en aansoek om skuldhersiening <6 maande | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Saldo op 31 Augustus 2021** | | | | | | | | | | | |
| Bruto lenings en voorskotte | 40 090 | 6 103 | 4 566 | 1 142 | – | – | 1 536 | 1 503 | 1 827 | 9 328 | 66 095 |
| Voorsiening vir kredietafskrywings (ECL)[3] | (4 740) | (1 493) | (918) | (610) | – | – | (1 124) | (553) | (531) | (7 515) | (17 484) |
| **Netto lenings en voorskotte** | 35 350 | 4 610 | 3 648 | 532 | – | – | 412 | 950 | 1 296 | 1 813 | 48 611 |
| ECL-dekking (%) | 11.8 | 24.5 | 20.1 | 53.4 | – | – | 73.2 | 36.8 | 29.1 | 80.6 | 26.5 |
| **Saldo op 28 Februarie 2021** | | | | | | | | | | | |
| Bruto lenings en voorskotte | 38 711 | 4 220 | 4 564 | 1 008 | 392 | 24 | 1 904 | 2 105 | 2 403 | 8 655 | 63 986 |
| Voorsiening vir kredietafskrywings (ECL)[3] | (3 638) | (1 262) | (1 037) | (701) | (136) | (7) | (1 578) | (894) | (837) | (7 094) | (17 184) |
| **Netto lenings en voorskotte** | 35 073 | 2 958 | 3 527 | 307 | 256 | 17 | 326 | 1 211 | 1 566 | 1 561 | 46 802 |
| ECL-dekking (%) | 9.4 | 29.9 | 22.7 | 69.5 | 34.7 | 29.2 | 82.9 | 42.5 | 34.8 | 82.0 | 26.9 |
| **Saldo op 31 Augustus 2020** | | | | | | | | | | | |
| Bruto lenings en voorskotte | 37 257 | 1 924 | 2 662 | 686 | 4 997 | 469 | 2 057 | 2 880 | 2 359 | 8 106 | 63 397 |
| Voorsiening vir kredietafskrywings (ECL)[3] | (3 303) | (479) | (624) | (382) | (1 626) | (136) | (1 603) | (1 192) | (1 214) | (7 207) | (17 766) |
| **Netto lenings en voorskotte** | 33 954 | 1 445 | 2 038 | 304 | 3 371 | 333 | 454 | 1 688 | 1 145 | 899 | 45 631 |
| ECL-dekking (%) | 8.9 | 24.9 | 23.4 | 55.7 | 32.5 | 29.0 | 77.9 | 41.4 | 51.5 | 88.9 | 28.0 |

*(1) Verteenwoordig lenings waar die vooruitskouingsinligting dui op 'n SICR-aanwyser. Die vergelykende syfers is bygewerk om aan te pas by hierdie meer gedetailleerde openbaarmaking van SICR van een na 2 kategorieë.*
*(2) COVID-19-verwante herskedulerings voor die Suid-Afrikaanse Reserwebank Riglyn 3 van 2020, is hanteer as fase 3 volgens die bestaande beleid. Vanaf 6 April tot 19 Julie 2020, is die op-datum lenings wat herskeduleer is en met SICR-kriteria as fase 2 COVID-19-verwante herskedulerings geklassifiseer.*
*(3) Vir ooreenkomste wat beide 'n benutte en 'n onbenutte komponent bevat, kan die groep nie die onbenutte komponent van die ECL afsonderlik identifiseer nie en daarom word die ECL erken teen die leningskomponent. In die mate dat die gesamentlike ECL die bruto drabedrag van die lening oorskry, word die oorskot as 'n addisionele voorsiening erken.*

#### Netto beleggingsinkomste

Die groep se rente-inkomste op beleggings sowel as rentekoste is beïnvloed deur die daling in die repokoers van 6.25% per jaar in Maart 2020 tot 3.5% per jaar aan die einde van Julie 2020.

**Rente-inkomste op beleggings**

Die groep se rente-inkomste op beleggings het met 13% tot R1.9 miljard gestyg vergeleke met die 6 maande geëindig Augustus 2020 (Augustus 2020: R1.7 miljard; Februarie 2021*: R1.4 miljard). Die impak van die daling in die repokoers op inkomste is versag deur groei in die gemiddelde beleggingsportefeulje sowel as 'n aanpassing aan die samestelling van die portefeulje.

**Rentekoste**

Die groep se rentekoste het met 13% tot R2.3 miljard gedaal (Augustus 2020: R2.7 miljard; Februarie 2021*: R2.3 miljard).

Deposito's het met 16% gegroei (Februarie 2021: 8%) en het R127.9 miljard bedra (Augustus 2020: R110.4 miljard; Februarie 2021: R118.5 miljard). Die groep se kliënte het rente van R2.1 miljard (Augustus 2020: R2.3 miljard; Februarie 2021*: R2.0 miljard) verdien op lopende deposito's, vastetermyn-deposito's en kredietkaartsaldo's vir die tydperk.

Groothandelfinansiering het tot R1.3 miljard gedaal (Augustus 2020: R2.7 miljard; Februarie 2021: R2.4 miljard) namate finansiering verval het. As gevolg hiervan het die rentekoste op groothandelfinansiering tot R0.2 miljard gedaal (Augustus 2020: R0.4 miljard; Februarie 2021*: R0.3 miljard).

#### Netto transaksie-inkomste

Netto transaksie-inkomste vir die groep het met 33% tot R5.2 miljard gegroei (Augustus 2020: R3.9 miljard; Februarie 2021*: R4.8 miljard). Die Kleinhandelbank het R4.8 miljard bygedra, 'n toename van 33% in vergelyking met die vorige tydperk van R3.6 miljard (Februarie 2021*: R4.5 miljard).

**Kleinhandelbankdienste**

Die samestelling van transaksievolumes was die afgelope 18 maande die belangrikste dryfveer vir netto transaksie-inkomste. Die veranderinge in die verhoudings van tak-, kontant-, digitale en POS-volumes word in die onderstaande tabel geïllustreer.

| % | 6 maande geëindig Augustus 2021 | Februarie 2021 | Augustus 2020 |
|---|---|---|---|
| **Transaksiekanaal** | | | |
| Digitaal | 41 | 41 | 44 |
| POS | 41 | 39 | 36 |
| Kontant | 16 | 18 | 18 |
| Tak | 2 | 2 | 2 |
| | 100 | 100 | 100 |

Vir die 6 maande geëindig Augustus 2020 was die groei in netto transaksie-inkomste minimaal. Netto transaksie-inkomste is beïnvloed deur die hulp wat aan kliënte gebied word in die vorm van verlaagde fooie op sekere transaksies. Die samestelling van transaksievolumes het verander namate kliënte tuis gebank het tydens die inperking. Die verhouding van digitale transaksies het toegeneem terwyl die verhouding van POS-volumes afgeneem het.

Gedurende die 6 maande geëindig Februarie 2021 het netto transaksie-inkomste met 25% gegroei in vergelyking met die 6 maande geëindig Augustus 2020. Totale transaksievolumes het met 21% gegroei in vergelyking met die vorige 6 maande. Inkomste het met meer as transaksievolumes gegroei as gevolg van nóg 'n verskuiwing in transaksiegedrag. Namate inperkings verslap het, het POS-transaksievolumes met 33% gegroei en digitale transaksies het met 4% gedaal vergeleke met die 6 maande geëindig Augustus 2020.

Prysverhogings in transaksiefooie gedurende Maart 2021 was nie die belangrikste dryfveer vir netto transaksiefooi-inkomste vir die 6 maande geëindig Augustus 2021 nie, aangesien digitale transaksiefooie, debietorderfooie en die maandelikse administrasiefooi nie verhoog is nie en die koste van onmiddellike betalings verlaag is. Totale transaksievolumes het met 29% tot 3.1 miljard gestyg van 2.4 miljard vir die tydperk geëindig Augustus 2020 (Februarie 2021*: 2.9 miljard). Die samestelling van transaksievolumes het verskuif na wat die 'nuwe normaal' sal word. Die verhouding van kontanttransaksies is geraak deur die burgerlike onrus wat gedurende Julie 2021 plaasgevind het.

Kliënte word aangemoedig om transaksies op die banktoepassing of op ander digitale kanale uit te voer om konsultante in staat te stel om tyd te spandeer op transaksies wat persoonlike interaksie vereis.

Aktiewe digitale gebruikers van die banktoepassing, USSD-kanaal, die internet of 'n kombinasie van digitale kanale het toegeneem van 7.3 miljoen aan die einde van Augustus 2020 tot 8.9 miljoen aan die einde van Augustus 2021, 'n toename van 22% (Februarie 2021*: 8.6 miljoen). Aan die einde van Augustus 2021 was daar 6.0 miljoen aktiewe banktoepassing-gebruikers (Augustus 2020: 4.1 miljoen; Februarie 2021: 5.3 miljoen). Kliënte het gedurende die tydperk 623 miljoen digitale transaksies uitgevoer (Augustus 2020: 516 miljoen; Februarie 2021*: 576 miljoen).

As deel van ons Live Better program werk ons saam met Dis-Chem, Educate24, GetSmarter, Hello Doctor, JOOX, Rentalcars.com, Shell en Travelstart. Deur eenvoudig hul Live Better spaarrekening gratis te aktiveer, en met 'n Capitec-kaart te betaal, ontvang kliënte kontant terug of afslag. Binne 3 maande ná die bekendstelling het 2.2 miljoen kliënte hul Live Better spaarrekeninge geaktiveer en kontantterugbetalings van R19.4 miljoen is uitbetaal. Kliënte het ook voordeel getrek uit R2.2 miljoen se afslag.

Live Better spaarrekeninge moedig kliënte aan om opsionele outomatiese besparingshulpmiddele, Round-up en Interest Sweep te gebruik en voordeel te trek uit 'n hoër rentekoers. Met Round-up word elke aankoop afgerond tot die naaste R2, R5 of R10 en die verskil tussen die werklike aankoop en die afronding word na die Live Better spaarrekeninge oorgeplaas. Rente wat op die hoof transaksionele spaarrekening van die kliënt verdien word, word deur Interest Sweep na hul Live Better spaarrekening oorgeplaas, waardeur die kliënt nóg hoër rente kan verdien. Aan die einde van Augustus 2021 het ons kliënte R55.6 miljoen gespaar met die outomatiese besparingshulpmiddel.

#### Versekeringsinkomste

**Netto versekeringsinkomste**

Netto versekeringsinkomste uit kredietlewenspolisse het met 15% tot R571 miljoen gestyg (Augustus 2020: R498 miljoen; Februarie 2021*: R467 miljoen) as gevolg van die verhoging in premies wat gedurende Mei 2020 geïmplementeer is.

Tans word daar geen herversekering oor die polisse gehou nie en is Capitec verantwoordelik vir afleggings-, sterfte- en ongeskiktheidseise. Die totale eise wat vir die 6 maande betaal is, beloop R519 miljoen (Augustus 2020 (voor herversekering): R503 miljoen; Februarie 2021*: R940 miljoen). Van die eise wat betaal is, het R285 miljoen verband gehou met aflegging (Augustus 2020: R381 miljoen; Februarie 2021*: R619 miljoen). Die res van die eise het betrekking op dood en ongeskiktheid.

**Begrafnisplaninkomste**

Die inkomste uit die Capitec Begrafnisplan het met 5% gestyg tot R366 miljoen (Augustus 2020: R350 miljoen; Februarie 2021*: R300 miljoen). Aktiewe polisse het tot 1.5 miljoen toegeneem (Augustus 2020: 979 000; Februarie 2021: 1.2 miljoen).

Bestendigheid word bereken volgens die aantal polisse wat ná die aanvangsdatum steeds aktief is. Bestendigheid aan die einde van Augustus 2021 staan op 40% (Augustus 2020: 42%; Februarie 2021: 41%).

Die gemiddelde premie bly op 'n bevredigende vlak en invorderings is soos te wagte. 'n Toename in eise is tydens die derde golf van COVID-19 ervaar. Gedurende die derde golf is gemiddeld 93% van die herversekeringspremie in eise uitbetaal. Vóór die derde golf was die rollende gemiddelde vir 6 maande 77%.

#### Bedryfsuitgawes

Bedryfsuitgawes het met 32% tot R5.7 miljard verhoog (Augustus 2020: R4.3 miljard; Februarie 2021*: R5.2 miljard).

Die koste-inkomste-verhouding was 45% (Augustus 2020: 39%; Februarie 2021*: 43%). Gedurende die afgelope 18 maande is die verhouding aansienlik beïnvloed deur die COVID-19-pandemie en die onlangse burgerlike onrus.

Personeelkoste (insluitend aansporingskoste) het met R986 miljoen gestyg vergeleke met die tydperk geëindig Augustus 2020, en met R694 miljoen in vergelyking met die 6 maande geëindig Februarie 2021. Aan die einde van Augustus 2021 het ons 14 789 werknemers gehad (Augustus 2020: 14 738; Februarie 2021: 14 672).

Salarisverhogings is toegestaan gedurende die huidige 6 maande en die tydperk geëindig Augustus 2020. Gedurende die huidige tydperk is voorsiening gemaak vir bonusse weens die herstel in wesensverdienste. Gedurende die tydperk geëindig Augustus 2020 is geen voorsiening gemaak nie. Ons belegging in die bou van 'n Besigheidsbank en die fokus op innovasie sluit in die aanstelling van meer senior werknemers. Dit het bygedra tot die styging in salariskoste. Die koste van aandele-aansporingsregte het toegeneem as gevolg van die herstel van die aandeleprys van R835.00 aan die einde van Augustus 2020 tot R1 897.70 aan die einde van Augustus 2021 (Februarie 2021: R1 338.75).

Tydens die onlangse burgerlike onrus wat in Suid-Afrika ondervind is, is 79 takke en 272 kontanttoestelle beskadig. Skade het gewissel van geringe tot aansienlike skade wat 'n volledige herbou van 'n tak vereis het. Kontantverliese beloop R36 miljoen. Beskadigde en gesteelde bates met 'n boekwaarde van R104 miljoen is afgeskryf.

'n Versekeringsassessor is aangestel en ons het ons eise by die South African Special Risks Insurance Association (SASRIA) ingedien. Die verhaalbare bedrag is nie ingesluit in die resultate vir die tydperk nie.

#### Kredietgraderings

S&P Global Ratings het op 21 Mei 2021 die Suid-Afrikaanse soewereine gradering tesame met die graderings van Capitec en ander Suid-Afrikaanse banke met stabiele vooruitsigte bevestig. Ons het 'n internasionale langtermyngradering van BB- en 'n internasionale korttermyngradering van B. Die Suid-Afrikaanse nasionale langtermyngradering is zaAA en die korttermyngradering zaA-1+.

#### Kapitaal en likiditeit

Ons is steeds goed gekapitaliseer met 'n kapitaaltoereikendheidsverhouding van 37.4% vir die groep vergeleke met 30.4% aan die einde van Augustus 2020 (Februarie 2021: 36.7%).

Ons voldoen aan die Basel 3-likiditeitsdekkingsverhouding (LCR) asook die netto stabiele befondsingsverhouding (NSFR). Ons LCR is 2 908% en die NSFR 241%. Die regulatoriese minimum NSFR is 100% en die LCR-vereiste wat tydelik deur die Prudential Authority verslap is, is 80%.

#### Vooruitsigte

Die aantal kliënte wat besluit om transaksies te doen via ons Global One produkaanbod, het gedurende die afgelope 6 maande steeds toegeneem en ons digitale kanale is deur 1.6 miljoen meer kliënte benut. Ons is van plan om kliënte-ervaring op alle gebiede van ons besigheid te verbeter.

Ons innovasievermoë sal uitgebrei word deur die werwing van ongeveer 300 werknemers op gebiede soos sakewetenskap, kunsmatige intelligensie, data-ingenieurswese en rekenaaranalise gedurende die komende maande.

Digitalisering is 'n belangrike strategiese doelwit. Ons doel is om die nommer 1 digitale bank te word vir beide Kleinhandel- en Besigheidbankkliënte. Ons het 'n toegewyde en gefokusde span saamgestel om 'n digitale ekosisteem van oplossings te bied wat doeltreffende handel tussen besighede en individue moontlik sal maak. 'n Fokuspunt is om ons QR-aanbieding tot dié toonaangewende betaalmetode te laat groei.

Doellenings, wat kliënte laer rentekoerse bied en beter presteer omdat dit gekoppel is aan 'n doel (huisverbeterings, mediese uitgawes, voertuigaankope en onderrig), sal gevestig word en meer doelleningsvennote sal bygevoeg word. Ons sal die sosio-ekonomiese situasie monitor en dienooreenkomstig kriteria vir kredietverlening aanpas. Ons fokus bly op die verlaging van die kredietkoste vir ons kliënte.

Die Live Better voordeelprogram sal uitgebrei word. Ons sal vennootskappe aangaan met meer besighede wat ons kliëntgerigte visie deel en ons 16.8 miljoen kliënte wil bedien. Sodoende sal ons kliënte meer geleenthede kry om nóg meer kontant terug te kry sowel as onmiddellike afslag.

Die Besigheidbank het 'n wins na belasting van R126 miljoen vir die ses maande geëindig Augustus 2021 opgelewer. Die beplande vernuwing van die Besigheidbank aanbieding se handelsmerk teen die einde van volgende jaar, sal die groei in kliënte wat reeds begin het, versnel. Die integrasie van die Besigheidbank in alle areas van die organisasie is in 'n gevorderde stadium.

Organisasiekultuur is van kardinale belang vir ons sukses. Ondanks die ongewone omstandighede die afgelope 18 maande, bly ons unieke kultuur van innovasie, behendigheid en samewerking tussen alle areas van die organisasie sterk. 'n Terugkeer na kantoorwerk word noukeurig beplan om span- en organisatoriese samehorigheid te bevorder, en ons sien saam uit na die res van die finansiële jaar.

As organisasie sal ons steeds fokus op die verbetering van die finansiële welstand van ons kliënte.

#### Veranderinge in die samestelling van die direksie

Jock McKenzie het op 28 Mei 2021 uit die direksie getree. Ons bedank Jock vir sy bydrae tot die besigheid en wens hom sterkte toe met sy aftrede.

#### Tussentydse dividend

Die direkteure het op 29 September 2021 'n bruto tussentydse dividend van 1 200 sent per gewone aandeel vir die 6 maande geëindig 31 Augustus 2021 verklaar (31 Augustus 2020: nil). Die dividend word betaal op Maandag, 25 Oktober 2021. Daar is 115 626 991 gewone uitgereikte aandele.

Die dividend voldoen aan die definisie van 'n dividend ingevolge die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962. Die dividendbedrag, netto van Suid-Afrikaanse dividendbelasting van 20%, is 960 sent per aandeel. Die uitkering word uit inkomstereserwes gemaak. Capitec se belastingverwysingsnommer is 9405376840.

| | |
|---|---|
| Laaste dag om met-dividend te verhandel | Dinsdag, 19 Oktober 2021 |
| Verhandeling ex-dividend begin op | Woensdag, 20 Oktober 2021 |
| Rekorddatum | Vryday, 22 Oktober 2021 |
| Betaaldatum | Maandag, 25 Oktober 2021 |

Aandelesertifikate mag nie vanaf Woensdag, 20 Oktober 2021 tot Vrydag, 22 Oktober 2021, beide dae ingesluit, gedematerialiseer of gehermaterialiseer word nie.

Ingevolge die maatskappy se akte van inkorporasie, sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word na die bankrekeninge van gesertifiseerde aandeelhouers, aangesien dividendtjeks nie meer uitgereik word nie. In gevalle waar gesertifiseerde aandeelhouers nie hul bankbesonderhede aan die oordragsekretarisse verskaf nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar as "onopgeëis" in die dividendregister aangeteken word totdat die aandeelhouer die gepaste bankbesonderhede vir uitbetaling aan die oordragsekretarisse verskaf.

Dit is die direkteure se voorneme om 50% van die wesensverdienste vir die 2022 finansiële jaar uit te betaal in die vorm van dividende.

Namens die direksie

**Santie Botha**
*Voorsitter*

**Gerrie Fourie**
*Hoof Uitvoerende Beampte*

Stellenbosch
30 September 2021

** Februarie 2021 verwys na die 6 maande geëindig Februarie 2021.*

**Capitec Bank Beherend Beperk Registrasienommer:** 1999/025903/06 Geregistreerde bankbeheermaatskappy Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika **JSE-kode vir gewone aandele:** CPI **ISIN-kode:** ZAE000035861 **JSE-kode vir voorkeuraandele:** CPIP **ISIN-kode:** ZAE000083838 ("Capitec" of "die groep" of "die maatskappy") **Maatskappysekretaris en geregistreerde kantoor** YM Mouton, 5 Neutron Pad, Tegnopark, Stellenbosch 7600; Posbus 12451, Die Boord, Stellenbosch 7613 **Oordragsekretaris** Computershare Investor Services Eiendoms Beperk (Registrasienommer: 2004/003647/07) Rosebank Towers, 15 Biermann Avenue, Rosebank, Johannesburg 2196; Privaatsak Bag X9000, Saxonwold, 2132 **Borg** PSG Capital Eiendoms Beperk (Registrasienommer: 2006/015817/07) **Direkteure** SL Botha (Voorsitter), GM Fourie* (CEO), AP du Plessis* (CFO), SA du Plessis, CH Fernandez, MS du Pré le Roux, V Mahlangu, TE Mashilwane, NS Mashiya* (CRO), DP Meintjes, PJ Mouton, CA Otto, JP Verster *Uitvoerend.

MM0074/A

capitecbank.co.za